2023-OORSIG

# menlo-insig



*Liewe Menlo*

Excelsa Petamus – die leuse van 'n plek wat nie net die ure in my en jou dag volmaak nie, maar die manier definieer waarmee ons daardie ure volmaak. Tien jaar gelede het die voorreg my te beurt geval om my naam aan 'n formidabele akademiese instelling te koppel – tien jaar later groet ek 'n tuiste wat my hart en siel in hulle strewe na die hoogste ingesluk het. Die afgelope dekade het my deel van 'n uitnemende strewe en 'n aangrypende manier van doen gemaak. Dit was 'n voorreg om deel van hierdie uitsonderlike familie te wees en dit is nie maklik om te groet nie; tog is elke instansie van tyd tot tyd op vernuwing geregtig om te verseker dat die energie en strewe om voluit vorentoe te beur nooit ophou nie.

Menlo se 60-jaarvieringe is met baie ure se harde werk en beplanning voorafgegaan. Ons kampus het die afgelope jaar ongekende vernuwing ondergaan en elke rolspeler se visie om ons leuse te eerbiedig, word admireer! 'n Instansie soos hierdie is van goeie beheerliggame, 'n sterk personeelkorps en nougesette ouerondersteuning afhanklik. Die volgehoue ondersteuning en vertroue wat ek by die beheerliggaam ondervind het, was 'n riem onder die hart. Die wete dat die Menlo-personeel en -bestuur my hande op soveel terreine met hulle kundigheid versterk het, het my daagliks besiel.

Die Menlo-mense het dit maklik gemaak om die hart van die skool gesond te hou en ten alle tye weldeurdagte operasionele besluite te neem. Die inwyding van ons splinternuwe Amfiteater was vir my 'n wonderlike geleentheid. Met hart en siel koester ons die boodskap van daardie oggend: amfi beteken *rondom* en herinner ons aan die voorreg van 'n alomteenwoordige Eienaar van ons siele. Die hartjie-kateder, met hout van die apiesdoringboom, verteenwoordig die plek en grein van ons harte. Die Menlo-familie sien daarna uit om nuwe herinneringe en saamweestye in die Amfiteater te beleef; iets wat ons vir ewig aan mekaar sal verbind.

Die splinternuwe, helderblou tartanbaan is byna voltooi en is 'n versinnebeelding van die skool se strewe na uitnemendheid. Daar is nog etlike projekte in die pyplyn; dít laat ek in die hande van die bekwame beheerliggaam, personeel en die nuwe skoolhoof oor. Ek sien saam met almal uit om die nuwe verwikkelinge te aanskou wanneer dit voltooi is.

By Die Hoërskool Menlopark vind jy die skool se hartklop in die Parkies. Dit sal my altyd bybly hoe Menloparkers kan woeker om uitdagings te bowe kom. Ek bedank elke leerder wat Menlo gedurende die afgelope dekade gemaak het wat dit is. Julle sal vir altyd in my hart wees.

My dekade op Menlo-bodem het tot 'n geweldige groei in my Christenskap en omgee vir ander gelei. Die wete dat ons aan die beste gebalanseerde skool in die wêreld verbind is, is iets waaroor ek altyd dankbaar sal wees. Ons Menlo-leerders weet hoe om in 'n normale omgewing met abnormale uitdagings te funksioneer én hoe om opreg vir hulle medemens om te gee. Die wonderlike terugvoer van die onderskeie tersiêre instansies is 'n waardige getuigskrif van hoe goed ons leerders in die wêreld buite skoolverband aanpas en presteer.

Die tyd vir verstelling en vernuwing het vir my en vir Menlo aangebreek. Dankie aan elke Menlo-mens vir hulle volgehoue ondersteuning en samewerking. Ek glo dat my opvolger ook op die ongelooflike wyse waarop dinge hier aangepak word, sal kan staatmaak! Verwelkom asseblief die nuwe hoof op die bekende Menlo-manier, maar sorg terselfdertyd dat hy/sy nie vir té lank as die *nuwe hoof* bekendstaan nie, maar sommer gou 'n gewaardeerde en geliefde lid van die Menlo-familie word.

Mag seën en voorspoed Die Hoërskool Menlopark bly omring – ek salueer en groet die Parkies vir oulaas.

Excelsa Petamus. Streef die hoogste na ... met hart en siel!

*Mnr. Schalk Reynders*

# GESEËNDE





DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023






# KERSFEES



# 2023



## MET LIEFDE VAN MENLO




# Matriekuitslae: 2022

| | |
|---|---|
| • Slaagsyfer | 100% |
| • Graadvrystellingskoers | 96,96% |
| • Graadgemiddeld | 73,9% |
| • Aantal leerders met A-gemiddelde | 109 |
| • Posisies op Skoleondersteuningstelsel se nasionale ranglys | |
|   • Afrikaans | 1 |
|   • Wiskunde | 1 |
|   • Fisiese Wetenskappe | 1 |
|   • English (FAL) | 2 |
|   • Rekeningkunde | 2 |
|   • Ingenieursgrafika en -ontwerp | 3 |
|   • Lewenswetenskappe | 5 |
|   • Besigheidstudies | 11 |
|   • Ekonomie | 13 |
|   • Geografie | 19 |

**Akademiese prestasies van die 2023-matrieks (Gebaseer op SBA-punte)**

| | |
|---|---|
| • 100%-skoolbesoek | Vier leerders |
| • Gemiddeld van Dux-leerder | 96,14% |
| • Hoogste gemiddeld (graad 8 - graad 12) | 96,72% |
| • Aantal leerders met gemiddelde van 75% en hoër | 127 leerders |

**Graadprestasies**

| | |
|---|---|
| • Aantal graad 8-leerders met gemiddelde van 80% en hoër | 107 |
| • Aantal graad 9-leerders met gemiddelde van 80% en hoër | 121 |
| • Aantal graad 10-leerders met gemiddelde van 80% en hoër | 122 |
| • Aantal graad 11-leerders met gemiddelde van 75% en hoër | 121 |

# Matriekuitslae: 2023

- Menlo behaal nege onderskeidings in Alpha-wiskunde.

*Excelsa Petamus*








# Ekspo's & Olimpiades

## Afrikaans

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Erika du Plessis (Olimpiades & Poort)<br>Me. Annika van Emmenis (FAK-ekspo) |
| Senior Olimpiade | • Nasionale & provinsiale wenner.<br>• Nasionaal: Die eerste vier plekke behoort aan Menlo.<br>• Dertien leerders onder die top-100 (nasionaal). |
| Junior Olimpiade | • Twintig Parkies neem deel.<br>• Sewe leerders onder die top-100 (nasionaal).<br>• Nasionale & provinsiale wenner. |
| Poort-skryfkompetisie | • Vier leerders en twee oudleerders se werke word in die Poort 2023 opgeneem. |
| FAK-ekspo | • Dubbelgoud: 18<br>• Goud: 13<br>• Silwer: 2<br>• Twee kategoriewenners. |

## English

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Bronwyn Bantich |
| National English Olympiad | • 47 Parkies neem deel.<br>• Silwer: 12<br>• Brons: 28 |

## Wiskunde

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Willem Botha |
| Olimpiade | • Twee leerders dring na die finale ronde deur.<br>• Ses Parkies word in Gauteng-Noord-spanne opgeneem. |

*Hou hoog die vaandel wit en blou*
*Ons simbool van trots en trou*












## Natuurwetenskappe

**Organiseerder:** Me. Tanya Matthysen

**North Gauteng Eskom Science Expo**

- Die Hoërskool Menlopark skryf sewentien projekte in:
  - Brons: 8
  - Silwer: 7
  - Goud: 2
  - Wits-Edinburgh Sustainable African Futures Award word aan twee graad 9-Parkies toegeken.
- Nasionale deelname: 3 Parkies.
- International Science Fair (ISF): 3 Parkies.
- BUCA INSEF-deelname (Turkye): 1 Parkie.

**Northern Gauteng Science Fair**

- Die Hoërskool Menlopark skryf sewentien projekte in:
  - Brons: 2
  - Silwer: 4
  - Goud: 5
- Beste Afrikaanse Taalgebruik in 'n
- Natuurwetenskapprojek.
- Kategoriewenners: Mikrobiologie en Biochemie.
- Algeheel: Vyfde beste projek.
- Genooi vir nasionale deelname: 5 Parkies.

## Duits

**Organiseerder:** Me. Susan van der Westhuizen

**Olimpiade**

- Twee leerders is onder die nasionale top-15.
- Een leerder eindig nasionaal vyfde.

**FSA Duitse uitruilprogram**

- Sewe leerders word vir deelname aan die onderskeie Desemberprogramme gekeur.


**Goethe-eksamen**

- Drie leerders slaag reeds in graad 11 die gesogte Goethe B1-eksamen.

*Ja, ons hart*
*En ons hand -*
*Aan ons skool is dit verpand.*










## Frans

**Organiseerder:** Me. Mia-Louise Nel

**Gr. 12 Franse Kampe**
- Januarie & April

**Franse Spelling Bee**
- Twee deelnemers in die streeksfinaal.
- Een leerder in die nasionale finaal.

**DELF-eksamen**
- A1: Tien graad 10-leerders slaag.
- A2: Drie graad 11-leerders slaag.
- B1: Sewe graad 12-leerders slaag.
- Menlo spog met 'n 100%-slaagsyfer.

## Rekeningkunde

**Organiseerder:** Me. Marcel Nell

**Olimpiade**
- Twaalf leerders neem deel.
- Nege leerders dring na die tweede ronde deur.
- Twee leerders behaal meer as 70%.

## Inligtingstegnologie, Rekenaartoepassingstegnologie en Robotika

**Organiseerder:** Me. Eldien Bisschoff (IT & Robotika)
Me. Madeleine Zaayman (RTT)

**Programmerings-olimpiade**
- 18 Leerders neem aan die eerste ronde van die olimpiade deel:
  - Brons: 8
  - Silwer: 4
  - Goud: 3
- 15 Parkies dring na die tweede ronde deur.
- Daar is 'n Parkie onder die dertien leerders wat aan die finale kompetisie van die nasionale Programmeringsolimpiade deelneem; verower 'n brons medalje

**STEM Olimpiade**
- 395 leerders van graad 10 tot graad 12 neem aan hierdie uitdagende olimpiade deel.
  - Brons: 89
  - Silwer: 31
  - Goud: 20

**RTT Olympiad**
- 51 leerders neem aan die Word, Excel en Access Olympiad deel.
- Vyf leerders dring na die tweede ronde deur.
  - Brons: 20
  - Silwer: 7
  - Goud: 3

**Robotika**
- Die Parkies dring na die nasionale ronde van die First Lego League-kompetisie deur.
- Die Parkies behaal die vierde plek by die nasionale kompetisie en kwalifiseer om in 2024 in Australië deel te neem.









AKADEMIE

## Kuns

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Mariana de Klerk |
| Bont Huijs Skolekunskompetisie | • Die eerste twee plekke behoort aan Menlo.<br>• Die beste skildery is deur 'n Parkie geskilder. |
| Spring In Nasionale Eisteddfod | • 'n Parkie behaal die algehele tweede plek. |
| Prinshof Manor Kunsfees | • Die algehele wenner is 'n Parkie. |
| Tshwane Prestige Jeugkunstefees | • 37 leerders se kunswerke is vir die uitstalling in die Staatsteater gekeur. |
| Pretoria Eisteddfod | • Menlo verwerf agt A+++-sertifikate in die afdeling vir kuns. |
| Brooklyn Mall se Kinnerkunsfees | • Algehele hoërskoolwenner.<br>• Menlo behaal die volgende plekke:<br>  • Graad 8 & 9 (Kleur / Skilder): 1e en 2de<br>  • Graad 10 & 11 (Grafies / Teken): 1e<br>  • Graad 10 & 11 (Kleur / Skilder): 1e en 2de<br>  • Graad 12 (Grafies / Teken): 1e en 2de<br>  • Graad 12 (Kleur & Skilder): 1e en 2de |
| Lynnwood Bridge se "Creative On The Piazza" | • 30 van ons matrieks se kunswerke is uitgestal. |
| Woodlands Skolekunskompetisie | • Menlo is die algehele wenner asook die wenner van die graad 10- en 12-afdeling. |

## Leierskap: Parkieraad

| | |
|---|---|
| Organiseerders | Mnr. Johan Grové en me. Doné Moolman |
| Voorsitter vir 2023/2024 | Rudolph Jordaan |
| Ondervoorsitter vir 2023/2024 | Lize Booysen |
| Beheerliggaam leerderverteen-woordigers | Viljee Smit<br>Keira de Jager<br>Rudolph Jordaan |

## Omgeekomitee

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Willem Botha |
| Uitreike | • Wollies & Brainlife. |
| Impakkieprojek | • Besoek NG Wespoort met kersgeskenke. |
| Omgeeweek | • Skenk geld aan sewe organisasies. |











## JIVE

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Willem Botha |
| Spesiale aktiwiteite | • Wêreldbiddag vir vroue.<br>• Besoek Daybreak-babahuis. |

## Menlobond

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Gisela Rolfes |
| 60-jaarvieringe | • Oorhandig die grafiese tydlyn aan die skool.<br>• Oud-Parkies is by die volgende vieringe betrek:<br>  • Nuwe Menlo-gimnasium<br>  • Sweminterhuis<br>  • Kultuur Prestige aand<br>  • Dirigente-oorhandiging<br>  • Atletiekinterhoër spanbou-aand<br>  • Atletiekinterhoër<br>  • Rugby Donkie-Derby<br>  • Netbaltoernooi<br>  • Leierontwikkelingsaand<br>  • NWU-skolereeks<br>  • Rugbytoernooi<br>  • Wêreldkennisaand<br>  • Atletiek: Oorhandiging van SA kleure<br>  • Menlo-gholfdag<br>  • Menlo-muurbaltoernooi<br>  • Menlo-interskole fietsren<br>  • Amfi-inwyding<br>  • Akademiese Top-10-funksie |
| Reüniefees | • Vyf jaargroepe vier saam reüniefees. |
| Oud-Parkie Kuierfees | • Kuiergeleentheid vir oud-Parkies: 9 September 2023. |
| Oorhandiging van sleutelhouers | • Die Menlobond wens die matrieks sterkte met die eksamen toe. |
| Oud-Parkie-truie word oorhandig | • Matrieks wat by die Menlobond aansluit, ontvang truie. |

*Hier sal ons streef en werk en bou;*
*Waai ons vlag hoog, wit en blou!*








# Redenaars

**Organiseerder**: Mnr. Corné van Wyk

**ATKV-Redenaarskompetisie**

- Eerste uitdunronde: 59 Parkies neem aan die voorbereide en onvoorbereide kategorieë deel.
- 22 sprekers dring na die semifinaal deur.
- Vier Menlo-raakpraters dring na die nasionale finaal deur.
- Finaal: Parkies behaal onderskeidelik 'n 4de, 5de en 7de plek in hulle afdelings.

**Van Huyssteens Oratorsfees**

- 19 spanne en 30 individuele sprekers neem aan die Engels-, Afrikaans- en Tweetalige afdelings deel.
- Afrikaans: Vier sprekers en een span dring na die finaal deur.
- Engels: Een spreker en drie spanne dring na die finaal deur.
- Tweetalig: Drie sprekers dring na die finaal deur.
- Tydens die finaal stap drie sprekers (gr. 9, 10 en 12) en een span (gr. 12) elk met 'n hamertjie weg.

# Debat

**Organiseerder**: Me. Tanya Matthysen

**ATKV-debat**

- Streeksuitdunne:
  - Ses van die agt senior spanne wen hulle debatte
  - Vier spanne in die Top-10.
- Semifinaal: Twee spanne dring deur.
- Landsfinaal:
  - Menlo behaal die vierde plek (juniors).
  - Spesiale toekenning vir die Beste Afrikaanse Taalgebruik.

**Con Spirito-debat**

- Streeksuitdunne: 7 uit 13 spanne dring na die semifinaal deur
- Semifinaal:
  - Sewe spanne.
  - Ses van Menlo se sewe spanne dring na die landsfinaal deur.
- Landsfinaal:
  - Ses Menlo-spanne.
- Twee spanne in die nasionale Top-10: 4de (juniors) en 6de (seniors).










# Junior koor

**Organiseerder** Mnr. Lourens de Jager

**Pretoria Eisteddfod**
- A-simbool.

**Afrikaanse Kunsvereniging**
- A++-simbool.

# Koor

**Organiseerder** Me. Jeanmari van Papendorp

**Pretoria Eisteddfod**
- A++-simbool.
- Toekenning: Beste Gemengde Koor.

**ATKV-Applous Nasionale Koorkompetisie**
- Streeksfees: Goud.
- Finaal:
    - Toekenning: Beste Gemengde Koor in Suid-Afrika.
    - Toekenning: Beste uitvoering van 'n Afrika-werk

**Brahms-Koorfees (Duitsland)**
- Kategoriewenner: Mixed Youth Choirs.
- Dring na die Grand Prize deur.
- Eindig algeheel tweede in die kompetisie.

# Musiek-akademie

**Organiseerder** Mnr. Lourens de Jager en 13 personeellede.

**Ledetal**
- Die Menlo-musiek-akademie spog met 130 lede.

**Deelname**
- Pretoria Eisteddfod
- Afrikaanse Kunsvereniging
- Noorderkruin Kunstefees
- Musiek-akademie se Somerkonsert

# Orkes & Ensemble

**Organiseerder** Me. Colleen Maré

**Orkes**
- Neem aan die Tres Scholarum-koorfees deel.

**Ensemble**
- Tree by verskeie funksies op.










KULTUUR

# Drama

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Roché van Blerk |
| Eisteddfod en Pierneef Kunstefees | • Die Parkies palm 62 toekennings in en spog met 13 afdelingwenners. |
| ATKV-Tienertoneel Nasionale Toneelkompetisie | • Beste Tegniese span (streek)<br>• Beste Verhoogbestuurder<br>• Silwer en brons toekennings vir spel<br>• 37 sertifikate<br>• Vyf goue toekennings |
| FAK Allegretto Toneelfees Nasionale Toneelkompetisie | • 63 sertifikate<br>• 4 goue toekennings |
| Aardklop Pronk Podium Nasionale Toneelkompetisie | • 49 sertifikate<br>• 3 goue toekennings |
| Manna Fees | • Die Parkies ontvang toekennings vir:<br>  • Beste teks;<br>  • Beste tegnies;<br>  • Beste kostuum en dekor. |

# Revue

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Andrew Mc Geer |
| Kaleidoskoop | • Dring na die finaal deur en behaal die tweede plek. |
| 8BEATS revuekompetisie | • Behaal die vierde plek. |
| REVUE-week | • Die hoogtepunt van 2023! Ons week lange optrede by die skool waar die revuelede hulle produksie aan die Parkies wys. |

*En al wat ons skool sal vra,*
*is om trots sy naam te dra,*









KULTUUR

# Dans

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Elana Heyns |
| Aantal spanne | • Ses spanne. |
| D.A.N.C.E International Awards | • Goud: 5<br>• Hoë silwer: 17<br>• Kategoriewenners: 3<br>• Twee spanne dring na die "Dance-Off" deur.<br>• Een spesiale toekenning vir choreografie. |
| Noorderkruin Kunstefees | • High Gold: 1<br>• Goud: 6<br>• Hoë silwer: 9<br>• Silwer: 4 |
| SA Dance School Championships | • Goud: 3<br>• Hoë silwer: 6<br>• Silwer: 10 |

# Menlovaria

- Die Parkies wys oudergewoonte dat die Menlo-bodem van talent oorloop.
- Bykans al die Parkies neem aan een van die vele kategorieë deel.
- Ons maak volgende jaar weer so.

# Eggo-tydskrif

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Hein Brits<br>Drie Eggo-tydskrifte word gepubliseer. |

# Leierskapontwikkeling

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Priscilla Marais<br>Drie leierskapontwikkelingsgeleenthede vind plaas. |

*As Hugenote kinders trou,*
*Sal ons hul geloftes hou,*










# Atletiek

**Organiseerder**
Mnr. JJ Smith
Me. Lelanie van Wyk

**Deelname aan byeenkomste**
- Menlo maak skoonskip by die volgende byeenkomste:
  - Fitgen / Tuks Top 10
  - Noordheuwel-Top-15
  - TUT-Top-12
  - NWU Puk Top-30
  - Interhoër
  - Nasionale Curro Podium Spankompetisie

**ASA SA atlete**
- Daar is 54 Parkie-name op die top-10-lys by hierdie byeenkoms.

**Internasionale deelname**
- Menlo spog met drie Afrika-kampioene en 'n Statebondkampioen in twee items.

# Fietsry

**Organiseerder**
Mee. Gerda Richards & Simone Labuschagne

**NWU-skolereeks**
- Algehele wenners
- Beste junior dogterspan
- Beste senior seunspan

**Menlo-interskole**
- Menlo maak geskiedenis en bied die eerste interskole fietsren saam met twee ander skole aan.

**Cycle Lab Skolereeks**
- Algehele wenners
- Beste dogterspan

**Nasionale kampioenskap**
- Tien Parkies neem aan die nasionale kampioenskap deel.

*Eer betoon,*
*Sonder loon,*
*Diensbereid en plig getrou;*
*Ons werk en spel getrou volbring;*










# Gholf

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Nico van Eeden |
| Voorsitterstrofee | • Menlo maak gholfgeskiedenis en wen die toernooi. |
| NWU-reeks | • Wenners. |
| Liga | • Wenners: A-afdeling & C-afdeling.<br>• Naaswenners: B-afdeling. |
| Topskoletoernooi | • Tweede plek. |

# Hokkie

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Suzanne Strydom |
| NWU-skolereeks | • Algehele wenners. |
| Liga | • Al ons spanne eindig onder die voorste drie spanne. |
| Noordvaal | • Wenners. |
| Top-12-toernooi (nasionaal) | • Vyf spanne neem deel.<br>• Dogtershokkie: Menlo word onder die top-3-skole in Pretoria gereken.<br>• Seunshokkie: Menlo word onder die top-5-skole in Pretoria gereken. |
| Provinsiale spelers | • Vyftien spelers verwerf provinsiale kleure. |

# Krieket

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Arno van Wyk |
| Finsbury-kompetisie | • Wenners. |
| Noord-Suid T20-kompetisie | • Menlo behaal die tweede plek. |
| Toer na Engeland | • 37 Menloparkers maak hierdie toer mee.<br>• Negentien wedstryde word gespeel.<br>• Sestien honderdtalle word aangeteken.<br>• Vyf of meer paaltjies word by dertien geleenthede geneem. |
| Provinsiale kleure | • Menlo spog vanjaar met agt provinsiale spelers. |
| Internasionale deelname | • 'n Parkie is vir die SA20-span gekies.<br>• Die Hoërskool Menlopark het 'n verteenwoordiger in die o. 19-Wêreldbekergroep (2024). |











# Landloop

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. JJ Smith<br>Me. Lelanie van Wyk |
| NWU-skolereeks | • Algehele wenners. |
| GNNSL-skoleliga | • Wenners: junior dogters. |
| Noordvaalfinaal | • Al vier Menlo-spanne neem deel. |
| SA 10 km-kampioenskap | • Vier Parkies neem deel.<br>• Die brons medalje behoort aan Menlo. |
| ASA SA kampioenskap | • Sestien atlete neem deel. |

# Muurbal

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Willem Botha |
| NWU-reeks | • Wenners. |
| Menlo 60 Muurbaltoernooi | • 165 inskrywings uit drie lande. |
| Noord-Gauteng | • Tien Parkies verwerf provinsiale kleure. |
| SA-Top-10 | • Twee Menloparkers verskyn op hierdie lys. |
| Menlopark Interskoletoernooi | • Menlo begin 'n nuwe tradisie: Ses skole neem deel. |

# Netbal

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Eleanor du Toit |
| NWU-skolereeks | • Algehele wenners. |
| Menlo-Netbaltoernooi | • Menlo skuif grense en bied die grootste toernooi in die land aan:<br>  • 160 spanne neem deel.<br>  • 880 wedstryde word gespeel. |
| Liga | • Spanne wat vir die Gauteng-uitspele kwalifiseer: o. 15, o. 16, o. 17 & o. 19. |
| SA'S | • o. 16: Derde<br>• o. 15 & o. 19: Vierde<br>• o. 17: Agtste |
| Irene Seymore-toernooi | • Wenners. |
| Fast5 | • o. 18's wen SA's. |
| Provinsiale spelers | • Sewe dogters verwerf provinsiale kleure. |










# Perdesport

| | |
|---|---|
| Organiseerders | Mee. Ilze Smith en Doné Moolman |
| Menlo-perdeskou | • Meeste inskrywings sedert die bestaan van perdesport by Die Hoërskool Menlopark. |
| C-Liga | • Algehele wenners. |

# Rugby

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnre. Dirk Odendaal en Jaco Dames |
| NWU-skolereeks | • Algehele wenners.<br>• Wenners: o. 14A & o. 16A. |
| Menlo-Rugbytoernooi | • Menlo bied 'n toernooi ter viering van die skool se sestigste bestaansjaar aan.<br>• Ses skole neem deel. |
| Noordvaal Sewes | • Semifinaliste: o. 16A.<br>• Noordvaal Skildwenners: o. 17.<br>• Noordvaal Plaatwenners: o. 15. |
| Provinsiale spelers | • Veertien seuns verwerf provinsiale kleure. |
| Provinsiale afrigters | • Twee provinsiale afrigters. |

# Swem

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Phillip Erasmus |
| A-liga-interhoër | • Dogters behaal die tweede plek.<br>• Seuns wen die byeenkoms.<br>• Menlo is die algehele wenners. |
| Lewensredding | • ’n Parkie verteenwoordig die land by die Statebondspele. |
| OR Tambo Games | • Een Parkie neem deel. |

*Om Sy naam die lof te sing*
*En wat Sy gebod ons vra,*
*Streef ons in ons harte na.*











# Skaak

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Marcelle de Waal |
| NWU-reeks | • Wenners. |
| Liga | • Menlo maak skaakgeskiedenis met die volgende spanne wat vir uitspeelwedstryde kwalifiseer: o. 15, o. 17 & o.19. |
| Gauteng Top Schools Chess Championship | • Menlo se o. 19's eindig derde uit 28 skole. |
| Individuele prestasies | • Een Parkie verwerf nasionale kleure. |

# Tennis

| | |
|---|---|
| Organiseerder | |
| Gauteng-Noord-kampioenskap | • Menlo skryf 26 spelers in.<br>• Vier leerders verwerf provinsiale kleure. |
| Boland Landbou Toernooi | • Vierde. |
| Groot-5-toernooi | • Tweede. |
| Sun City Menlo Mixit | • Dertig Parkies skryf in.<br>• Wenners: Senior A (seuns en dogters). |
| NWU-skolereeks | • Wenners. |
| Kelderkuier | • Menlo-tennis begin 'n splinternuwe tradisie. |
| AHS o. 15-toernooi | • Vierde. |
| Marilie Moolman-toernooi | • Naaswenners: Menlo-seuns en -dogters. |
| Absolut Menlo-toernooi | • Seuns: 2de.<br>• Dogters: 6de. |
| Sun City Wilsonskild | • Wenners: Senior A (seuns en dogters). |
| Gauteng-Noord-kampioenskap | • Twee Parkies verwerf provinsiale kleure vir 2024. |

*Excelsa Petamus!*

*Streef die hoogste na.*








# Skoolfonds en koshuisfooie

Voorlegging van die 2024-begroting: 7 November 2023
Goedkeuring van die 2024-begroting: 5 Desember 2023

| | Skoolfonds<br>R53 295,00 | Koshuisfooie<br>R52 500,00 |
|---|---|---|
| Paaiemente | • Elf gelyke paaiemente van R4 845,00<br>• 31 Januarie 2024 tot 30 November 2024. | • R2 000,00 betaalbaar teen 30 November 2023.<br>• Tien gelyke paaiemente van R5 050,00<br>• 31 Januarie 2024 tot 31 Oktober 2024) |
| Korting | • Volledige vereffening voor 28 Februarie 2024: R1 600,00 korting. | |

# Verwysings

**Skoolfonds**
- U rekeningnommer soos op die skoolfondsrekeningstaat.
- Lang nommer en die eerste drie letters van u van.

**Buitemuurs**
- Die verwysing vir buitemuursaktiwiteite bv. kultuuraktiwiteite of sporttoere verskil van die verwysing vir skoolfonds.
- Maak asseblief seker dat u die regte verwysing gebruik.

**Koshuisfooie**
- U rekeningnommer soos op die koshuisrekeningstaat.

# Betaling van skoolfonds

- Betaling van skoolfonds geskied op een van die volgende wyses:
- **Volledige vereffening voor 28 Februarie 2024.**
    - Korting van R1 600,00 word toegestaan.
    - Bedrag betaalbaar: R51 695,00.
- **Elf maandelikse paaiemente per EFO van 31 Januarie 2024 tot 30 November 2024.**
    - Paaiemente beloop R4 845,00 per maand.
- **Elf maandelikse paaiemente per debietorder vanaf 31 Januarie 2024 tot 30 November 2024.**
    - Paaiemente beloop R4 845,00 per maand.




# Algemeen

### Rapporte

- E-rapporte word op 8 Desember aan ouers gestuur. Hou asseblief u posbus dop.
- Navrae kan in 2024 aan onderwysers gerig word.

### Jaarblaaie

- Graad 12-leerders ontvang jaarblaaie wanneer hulle die matriekuitslae afhaal. Die res van die skool ontvang jaarblaaie aan die begin van 2024.

### Matriekuitslae

- Die skool verwag die matriekuitslae nadat die skole in Januarie heropen, maar wag vir bevestiging van die Departement van Onderwys.
- Matrieks kan hulle uitslae in die personeelkamer afhaal, of die skool skakel.

### Skooldrag

- As Menloparkers is ons trots op ons skooldrag en voorkoms. Ouers word vriendelik versoek om seker te maak dat skooldrag steeds netjies pas en dat leerders se voorkoms onberispelik is wanneer die skool begin.
- U word daaraan herinner dat splinternuwe skooldrag by Constantia Uitrusters, School and Leisure en Overkruin Uitrusters beskikbaar is.
- Skooldrag met karakter is by die skool se klerebank beskikbaar.

### Sportdrag

- Sportdrag is by die skool se klerewinkel op die terrein beskikbaar.
- Die winkel sal op 15 en 16 Januarie van 09:00 tot 15:00 oop wees.
- Navrae kan aan mnr. Tinus Vermaak by 082 322 6081 of sportsupplies@telkomsa.net gerig word.

# Dagboek

| | |
|---|---|
| 15/1 | Skool open vir personeel<br>Krieket: Graad 8-proewe |
| 16/1 | Graad 8-verwelkoming (07:30)<br>Verwelkoming van nuwe leerders (10:00)<br>Krieket: Graad 8-proewe (14:15 – 16:00) &<br>Ouerinligtingsvergadering (Klubhuis, 16:00 – 17:00) |
| 17/1 | Skool open vir leerders<br>Graad 8-ouers woon die Amfi-opening by (07:30)<br>Graad 8-atletiekbyeenkoms (14:00 – 18:00)<br>Graad 8-ouerbraai (17:00 – 20:00) |
| 18/1 | Graad 8-ouerinligtingsvergadering (Saal, 18:00) |
| 19/1 | Atletiek: Interhuis (12:00 – 22:00) |
| 20/1 | Krieket: Finsbury o. 15A & o. 19A (tuis en weg)<br>Graad 8-swemgala (09:00 – 13:00) |